Bylaag 1
(By 3.2 van die SDR verslag)

VERSLAG M.B.T. RINGSBEMAGTIGING

"Thought about information cannot be measured, planned or controlled like manual labor. Thus the fundamental assumption of complete controllability, that underlies all of traditional management thinking, is simply false."
- (David E. Wojick)

"The components essential to meaningful change are:
** Moral purpose: sharing the guiding purpose for an organization's existence.*
** An understanding of change: developing a working knowledge of the key dimensions and dynamics of change.*
** Relationship building: seeking relationships with diverse people and groups, especially those on the fringe and those who resist change.*
** Creation and sharing of knowledge: sharing information in a way that it becomes usable both to layman and initiate, to sustain change.*
** Achievement of coherence: bringing sense and common purpose to the ambiguity that is change."*
- (Micheal Fullan)

1. OPDRAG VAN 2012 SINODE

SDR VERSLAG : BEMAGTIGING VAN RINGE (Agenda bl. 19) Bylae 2, vgl SDR-verslag pt. 3.7
Punt 3. KERKORDELIKE BEVOEGDHEDE EN ROEPING BINNE VERBAND
Goedgekeur: Die Sinode -
Handhaaf die kontraktuele verdeling van werksaamhede in die verband soos in artikels 22, 31 en 35 van die Kerkorde beskryf word, en
Gaan voort om binne die vorige besluite van die Sinode
2.1 Ringe te ontwikkel en te bemagtig in belang van die bediening in gemeentes;
2.2 Om waar nodig en moontlik sinodale werksaamhede na ringe af te wentel.

2. UITGANGSPUNTE
2.1 Ringsbemagtiging is nie 'n item op die agenda nie, maar 'n deel van die identiteit van die Sinode en 'n logiese uitvloeisel van die sinodale strategie.
2.2 Ringsbemagtiging gaan nie oor 'n meganistiese proses nie, maar oor verhoudings, kommunikasie, gesamentlike besluitneming en 'n kultuur van gedeelde waardes en visie.

3. STRATEGIE
Die visie, kernwaardes en kernbesigheid van die sinode, asook die areas waarop die onderskeie leierskappe in die reses moet fokus word deur die sinode in sitting bepaal.
Die sinodale leierskap word tydens die sinodesitting verkies en vorm saam met leiers deur die ringe aangegwys, die sinodale diensraad (SDR).
Die SDR prioritiseer en herformuleer die fokusareas in die vorm van doelstellings, en keur die befondsing daarvan goed.
Die moderatuur stel realistiese doelwitte, wys taakspanne aan en beplan en koördineer die realisering daarvan, onder toesig van die SDR, wat aan die volgende sinodesitting verslag doen.

4. AGTERGROND
4.1 Fokusse geïdentifiseer – sinodesitting 2012

Armoedeverligting
Begeleiding van rou-prosesse
Beklemtoning van God-gefokusde spiritualiteit
Bemagtiging van ringe
Bestuur van diversiteit en eenheid
Bewusmaking van die belangrikheid van ekologie
Bou van verhoudings na binne en buite
Ondersteuning met prediking en erediens
Opleiding in Skrifhantering
Opskerping van roepingsbewustheid by lidmate
Ondersteuning van gemeentes t.o.v. finansies en administrasie
Pastorale versorging van predikante en predikantsgesinne
Toerusting van lidmate vir bediening as gelowige

4.2 Besluit van die SDR na die prioritisering van die fokusareas van die sinode

So wil ons hê dat die kerk oor vier jaar moet lyk - Ons moet 'n GESTUURDE KERK wees met:
'n God-gefokusde spiritualiteit
Roepingsbewuste lidmate
Goeie verhoudinge na binne en na buite
Effektiewe administratiewe funksionering

5. RINGSBEMAGTIGING

Vir volledige agtergrond en aanloop tot die moderatuur se nadenke oor ringsbemagtiging, sien die verslae oor strategie en ringsbemagtiging wat gedien het by die sitting van 2012.
In die lig van die agtergrond soos bo uiteengesit, was die benadering van die moderatuur dat ringsbemagtiging nie los van die totale strategie van die sinode gesien kan word nie. Dit vorm deel van die manier waarop die sinode kerk wil wees en behels hoofsaaklik dat:

*1 Die sinode ‘n familie van gemeentes is wat in onderlinge verband van liefde en sorg saamgebind word deur gedeelde waardes en ‘n gedeelde visie;
*2 die ring die eerste ruimte vir ondersteuning is binne hierdie verband;
*3 hulpbronne (byvoorbeeld kundigheid, inligting en finansies) primêr vir die ondersteuning van gemeentes beskikbaar moet wees, en dat ringe ten nouste by die prioritisering en aanwending daarvan betrokke sal wees;
*4 sekondêr beskikbaar is vir bereiking van die gemeenskap na buite d.m.v. werk wat nie deur ‘n gemeente of ‘n ring gedoen kan word nie (vgl. die visie en kernbesigheid van die sinode soos goedgekeur in 2012).

5.1 Hoofmomente van die proses

5.1.1 Tydens besinning oor die strategiese aspekte van ringsbemagtiging is tot die gevolgtrekking gekom dat ‘n proses van verandering, wat ook ‘n fundamentele kultuurverskuiwing insluit, nodig gaan wees om die sinode se strategie, en in die proses ringsbemagtiging, te laat realiseer.
Dit het ook duidelik geword dat so ‘n proses nie sonder die aktiewe insette van ‘n voltydse en gemotiveerde bestuurder moontlik is nie. In die lig van die tydsraamwerk na die volgende sinode, is daar dus by die SDR aanbeveel dat ‘n pos geskep en gevul word om hierdie belangrike funksie te vervul.
Die pos van Direkteur: Noordelike Sinode is op 1 Februarie 2015 deur die SDR gevul.

5.1.2 Die afwenteling van werk na ringe hou ook ten nouste verband met die begroting van die sinode (sien 5.*3 bo). Die prioritisering van die sinodale begroting kan dus nie los van die bemagtiging van ringe staan nie, en het die opdrag van die SDR (pt 4. van die verslag van die moderamen) deel geword van die strategiese beplanning m.b.t. ringsbemagtiging. In hierdie opsig het die ondersoek na ringsbemagtiging en die prioritisering van die sinodale begroting uiteindelik geïntegreerd verloop en is aanbevelings oor beide vervat in die verslag van die SDR.

Die volgende dien as ‘n opsomming van die moderatuur se besluite oor ringsbemagtiging.

*1 Die moderatuur aanvaar dat ringsbemagtiging nie ‘n saak addisioneel tot die filosofie en visie van die sinode in sitting is nie, maar ‘n integrale deel daarvan.
*2 Die filosofie is dat gemeentes, ringe en die sinode een organisasie is met drie gestaltes van funksionering en leierskap wat op verskillende tye en vir verskillende doeleindes die bestuursfunksie vervul.
*3 Hierdie gestaltes is nie hiërargies van aard nie maar sistemies, met verwysing na inklusiwiteit van leierskap by besluitneming.
*4 Dit impliseer ‘n sisteem waarbinne besluite oor die doeltreffende funksionering van die organisasie tussen sinodesittings nie deur die sinodale leierskap namens ringe en gemeentes geneem word nie, maar deur die onderskeie leierskappe gesamentlik.
*5 Tydens die sinodesitting is die volledige leierskap byeen.
*6 Die SDR/moderatuur bestaan uit verkose kundiges uit al die leierskapsvlakke en verteenwoordig die sinode in die reses. Taakspanne word saamgestel en ontbind soos nodig vir die hantering en afhandeling van spesifieke sake.
*7 Die aanknopingspunt vir besluitneming is die vraag oor watter werk op watter funksioneringsvlak gedoen en befonds moet word, in die lig van die visiestelling van die sinode wat:

a) gefokus op verhoudings,
b) alle gemeentes wil ondersteun om die koninkryk van God in eie konteks te soek, en
c) die gemeenskap na buite wil bereik deur gesamentlike werksaamhede wat nie deur ringe en gemeentes gedoen kan word nie.

*8 Die voortsetting daarvan word gedra deur die identifisering van uitdagings en geleenthede in die doeltreffende funksionering van die organisasie wat, ter wille van doeltreffendheid, gehanteer word op die kleinste leierskapsvlak waar genoeg inligting en kundigheid beskikbaar is.
*9 Die sukses van die model is grootliks afhanklik van die vestiging van identiteit, fokus op die filosofie en visie, vorming van patrone en die stimulering van inklusiwiteit.
*10 Die Direkteur word gesien as die draer en bestuurder van die model, met die klem op die bou van verhoudings, kommunikasie van die filosofie en visie, en stimulering van die vloei van inligting tussen die leierskappe van die onderskeie gestaltes.

5.2 Begroting

Uiteraard is alle kostes vir bedieninge en werksaamhede gekoppel aan finansies. In hierdie opsig sal die verantwoordelikheid vir en finansiering van bedieninge en werksaamhede ‘n integrale deel vorm van die proses van bemagtiging.
Die oplossing is egter nie om bloot werk af te wentel na ringe nie, maar om ‘n besluitnemingsproses te ontwikkel waar die begroting ge-informeer word vanuit die omstandighede, kundigheid en bevoegdhede van al drie die sistemiese gestaltes vandie sinode. Sien in hierdie verband die verslag van die moderatuur m.b.t. die toekomstige bestuur van die begroting (4.1 van die moderatuursverslag).